Moet Christene die Wet van Moses onderhou?

Paulus se antwoord op Christene wat hulle aan die Wet wil onderwerp:

"Julle wat so graag aan die wet onderwerp wil wees. Hoor julle nie wat die wet sê nie? Daar staan geskryf dat Abraham twee seuns gehad het, een by 'n vrou wat 'n slaaf was en een by 'n vrou wat vry was" **(Gal.4:21-22**,NLV**).**
"Hierdie dinge moet figuurlik verstaan word. Die twee vroue staan vir twee verbonde. Hagar staan vir die verbond wat by die Sinaiberg gesluit is. Dié verbond bring slawerny voort" **(Gal.4:24,** NLV**).** (By Sinai het Moses die Wet ontvang).

"Jaag die slavin en haar seun weg, want die seun van die vrou wat vry is, mag nie saam met die seun van die slavin erf nie" **(Gal.4:30**, NLV**).**

"...maar nou dat julle God ken...hoe keer julle weer terug tot swakke en armoedige eerste beginsels wat julle weer van voor af aan wil dien?...Julle neem dae en maande en tye en jare waar" **(Gal.4:9-10**, OAV**).**

"Moet dus nie toelaat dat enigiemand julle veroordeel oor wat julle sal eet of drink, of oor die vier van sekere feesdae of die Nuwemaanfees of Sabatte nie. Al hierdie dinge is net 'n skaduwee van wat sou kom. Die ware werklikheid is Christus" **(Kol.2:16-17**,NLV**).**
(Die hele konteks van Galasiërs bevestig dat hierdie skrifgedeeltes na gelowiges verwys wat weer elemente van die Wet wil onderhou).

"Kos gaan nie na jou hart nie, maar na jou maag en gaan weer uit jou liggaam uit. ***(Daarmee het Jesus gewys dat 'n mens enige soort kos mag eet)****...want...uit jou hart, kom slegte gedagtes, soos onsedelikheid, diefstal, moord, huweliksontrou, gierigheid, slegte bedoelings, skelmstreke,ongedissiplineerdheid, jaloesie, vloekery, hoogmoed en dwaasheid. Al hierdie dinge kom van binne af. Dít is wat jou voor God onrein maak"* **(Mark 7:19-23**,NLV, my beklemtoning**).**
(Hierdie skrifgedeelte weerspreek diegene wat Ou Testamentiese wettiese diëte vir Christene wil voorskryf. Daar is egter geen fout met 'n gesondheidsdiëet nie).

'n Waarskuwing aan diegene wat selektief net sekere van die meer as ses honderd Ou Testamentiese wette wil onderhou:

"Vervloek is elkeen wat nie alles doen wat in die boek van die wet geskryf staan nie" **(Gal.3:10**, NLV**).**

Vry van die Wet

"Die wet was dus ons tugmeester na Christus toe, sodat ons geregverdig kan word uit die geloof. Maar nou dat die geloof gekom het, is ons nie meer onder 'n tugmeester nie" **(Gal. 3:24-25**,OAV**).**

"Want Christus is die einde van die wet tot geregtigheid vir elkeen wat glo" **(Rom.10:4**,OAV**).**

"Hy het 'n einde gemaak aan die wet met sy voorskrifte" **(Ef.2:15**,NLV**).**

"En julle, wat dood was deur die misdade en die onbesnedenheid van julle vlees, het Hy saam met Hom lewend gemaak deurdat Hy julle al die misdade vergeef het, en ***die skuldbrief*** *teen ons, wat met sy insettinge ons vyandig was, uitgedelg en weggeruim het deur dit aan die kruis vas te nael…"* **(Kol.2:13-14**, OAV**).**

"Hy het die ***dokument met voorskrifte*** *wat as klagstaat teen ons gedien het, uitgevee en dit vir goed weggevat deur dit aan die kruis vas te spyker"* (**Kol.2:13-14,** NLV, my beklemtoning)

"skuldbrief"/"dokument met voorskrifte" /Grieks-"dogma" *– "...decree or command of the Mosaic Law"* – The Complete Word Study Dictionary New Testament – Spiros Zodhiates

"handwriting of ordinances" (Kol.2:14,KJV**)** – *"It refers to the complete law of Moses"*- Dakes Annotated Reference Bible

Slotsom

" 'n Bietjie suurdeeg maak die hele deeg suur" **(Gal. 5:9).**

"A little leaven [a slight inclination to error, or a few false teachers] leavens the whole lump [it perverts the whole conception of faith or misleads the whole church] **(Gal.5:9**, Amplified Bible**).**

"Maar al sou ons of 'n engel uit die hemel julle 'n evangelie verkondig in stryd met die wat ons julle verkondig het, laat hom 'n vervloeking wees!" **(Gal.1:8-9).**

Nick Maartens
Jeffreysbaai
0827826074
nickmaartens@hotmail.com